**REDAKSIONEEL**

TERUG van 'n besoek aan die G.T.V. Boland het my weer met nuwe vreugde aan die werk gesit om hierdie nommer persgereed te maak. Die manne daar in die Suidpunt van ons land spel In die Skriflig en neem noukeurig kennis van die inhoud. Dieselfde indruk het ek enkele jare gelede ook al gehad toe ek die voorreg gehad het om die G.T.V. Suidwes-Afrika te ontmoet en toe te spreek. Ons blad dien werklik 'n doel en is ook 'n goeie verbindingsskakel met ons manne op ver afgeleë poste.

In hierdie nommer word die lesers weer 'n verskeidenheid van artikels aangebied. U sal agter kom hoe daar geworstel word in ons geledere met die vrae van ons tyd. Die opmars van die charismatiese bewegings dwing ons om ons opnuut te besin op die probleme wat hier opduik. Die onomkeerbare verhouding van regverdiging tot heiliging gee ons 'n wapen in die hand teenoor die moderne teologie.

Dan is daar ook in hierdie nommer twee bydraes oor die kerk. U sal uitvind hoe die laaste bydrae vir ons prakties en histories belig wat in die eerste artikel; prinsipieel en dogmaties vir ons uiteen gesit is. En dat sonder dat die beide skrywers van te vore met mekaar kontak gemaak het.

Ons is ook dankbaar dat die laaste bydrae in hierdie nommer van een van ons lidmate is wat hom diep besin het op die bestaansreg van Die Vrye Geref. Kerk in Suid-Afrika.

Ons digterlike dogmatikus is ook weer present met een van sy gedigte.

Ons blad wat 'n wetenskaplike karakter dra, het nooit veel aandag aan personalia gegee nie. In hierdie geval wil ons daarom tog 'n uitsondering maak en ons blydskap en dankbaarheid teenoor die Here uitspreek dat die eerste hoofredakteur van In die Skriflig dr. K. S. van Wyk de Vries na ernstige siekte en twee ingrypende operasies weer sover herstel het dat hy met sy werk kon begin. Ons huidige hoofredakteur prof. Spoelstra het dr. Van Wyk de Vries eens beskryf as 'n teoloog wat altyd student gebly het. Selfs in die hospitaal so kort na een van sy operasies was hy al weer besig om 'n studiestuk gereed te maak vir publikasie. Ons blad sal stellig nog aan sy jongste pennevrug aandag gee. Gods rykste seën en verdere herstel van kragte aan ons broeder toegebid.

Twee van ons predikante het op teologiese gebied bekroning van hul studie ontvang: Ds. C. H. J. Venter 'n doktorsgraad (met lof) oor: Die bediening van die versoening aan die bejaarde — 'n pastorale studie in die lig van die Pastorale Briewe en ds. F. R. M. de Bruyn van Klerksdorp-Wes 'n Th.M.-graad met 'n verhandeling oor: Die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië 1903—1905. Baie geluk aan beide broeders. Ons verwag dat die resultate van hul studie ook In die Skriflig bekend gestel sal word. L.F.